

## Hoe word die naam YHWH uitgespreek?

Deur: Don Esposito



In meeste vertalings van die oorspronklike Hebreeuse teks haal die vertalers vir amper 7 000 keer die Gewyde naam van ons Skepper YHWH uit en vervang dit met die woord God of Here.

Die Vader vertel vir ons wat Sy persoonlike naam vir alle ewigheid is; **Eks 3:15 Toe sê Elohiem verder vir Moses: Dit moet jy aan die kinders van Israel meedeel: Yahweh, die Elohiem van julle vaders, die Elohiem van Abraham, die Elohiem van Isak en die Elohiem van Jakob, het my na julle gestuur. Dit is my Naam vir ewig, en dit is my herinneringsnaam van geslag tot geslag.**

Die derde gebod sê vir ons **“Jy mag die Naam van YAHWEH jou Elohiem nie inhoudloos maak nie.”** Die woord misbruik word ook in sommige vertalings gebruik. Om 'n woord te misbruik of inhoudloos te maak beteken om dit te verander, te vervals of om dit te veralgemeen. 'n Kind kan verstaan dat om die persoonlike naam van YaHWeh, of in Hebreeus die letters: **Yod, Hey, Vav, Hey;** uit te haal en dit met 'n generiese titel soos god of heer te vervang beslis teen die derde gebod ingaan.

Ons volgende vraag is hoe spreek mens dan die naam van **YHWH** uit? Na die Babiloniese ballingskap het die Rabbi's gevoel dat sy naam te gewyd is om uit te spreek en het hulle begin om die fonetiese uitspraak van die naam **YHWH** weg te steek. Die *Talmud* sê tot vir ons hulle het dit verkeerd geskryf om te keer dat wanneer iemand die naam lees hulle dit nie per ongeluk uitspreek nie.

Wat hulle gedoen het was om die vokale van die woord *Adonai* (uit die Hebreeus as Heer vertaal) te vat en dit met die konsonante van YHWH te meng en so die woord *Jehova* te vorm. Hulle het net *Jehova* gebruik sodat

niemand die naam reg kon uitspreek nie. Dis eenvoudig om te sien dat *Jehova* nie die korrekte uitspraak van Sy heilige naam is nie aangesien daar nie 'n letter “J” in die Hebreeuse taal is nie en in Hebreeus kom die naam “Hovah” van die *Strong's Concordance* #1943, wat ruïneer of ongeluk beteken. Ons Hemelse Vader se naam is nie ruïneer of ongeluk nie. Verder is *Jehova* of *Yehovah* taalkundig nie moontlik in die Hebreeuse taal nie. Sien asseblief die verskeie verwysings aan die einde van die pamflet

'n Ander miskonsepsie oor die uitspraak van die naam **YHWH** wat onlangs na vore gekom het is die uitspreek daarvan as Yahuah. In Hebreeus kan 'n vav 'n vokaal of 'n klinker verteenwoordig, maar dit kan nie beide op dieselfde tyd wees nie. As YHWH as Yahuah uitgespreek word gebruik jy die vav as 'n vokaal en word dit gevolg met 'n ander vokaal, wat teen die grammatiese reëls van Hebreeus is.

Die argument agter die gebruik van *Yahuah* is omdat die naam Yahudah (Hebreeus vir Juda) dieselfde letters as YHWH het, maar met 'n *dalet* bygevoeg. Sommiges dink dus dat jy bloot net die *dalet* moet verwyder om die uitspraak van YHWH te vorm. Dit is nie hoe die Hebreeuse taal werk nie en is teen die taalkundige reëls van Hebreeus. In Hebreeus gaan elke woord terug na 'n twee of drie letter wortel en word die vokale met punte aangedui.

Daarom, al blyk dit in 'n ander taal dat YHWH eenvoudig net Yahudah is sonder die *dalet*, is dit in Hebreeus nie eens afkomstig van dieselfde wortel nie. Kyk vir jousef. In die *Strong's* konkordansie is Yahudah woord nommer 3063 en kom dit van die wortelwoord nommer 3034 wat *Yadah* is - *Yod, dalet, hay*, terwyl die naam **Yahweh** *Strong's* nommer 3068 is en van die wortel woord 1961 *hayah* of in Hebreeus *hey, yod, hey* af kom. Jy kan dus sien dat die twee name nie eens dieselfde wortel het nie en jy kan beslis nie 'n nuwe reël toepas deur die *dalet* uit te haal om met 'n nuwe uitspraak vorendag te kom nie.

Die argument gaan verder deur te sê dat aangesien sekere name in Hebreeus met Yahu eindig, soos Eliyahu, moet Yahweh se naam met Yahu begin waaraan nog 'n lettergreep “ah” aan die einde gevoeg word. Weereens enige iemand wat so dink verstaan nie werklik Hebreeus en sy grammatika nie.

Daar is 'n hele paar verwysings in die Skrif wat na ons Hemelse Vader bloot as “Yah” verwys.

**Jes 12: 2 Ja, El is my Y'shua\* (My verlossing), ek sal vertrou en nie vrees nie; want Yah Yahweh is my krag en my psalm, en Hy het my tot Y'shua\* geword**  
**Psa 118:14 Yah is my sterkte en psalm, en Hy het my tot Y'shua\* geword.**

In die Aramese Peshitta, waarin die oudste geskrifte van die Nuwe Testament ook voorkom, kom die woorde *Mar Yah* vir Yahweh in die Tanak alleen amper 7 000 keer voor. *Mar Yah* beteken eenvoudig *Meester Yah*. Yahweh is die familie naam van Yah Yahweh die Vader en Yahshua Yahweh die Seun. Daar is absoluut geen twyfel dat die Vader se verkorte naam Yah is nie. Sels HalleluYah, wat prys Yah beteken, gebruik Sy verkorte naam. So nêrens in die Skrif is ons Hemelse Vader se naam in Hebreeus Yahu nie.

Waar kom die naam Yahu dan in sekere name soos **Eliyahu** vandaan? In Hebreeus word voornaamwoorde in die werkwoord vervoeging ingevoeg en beteken *Yahu* eenvoudig net “*Hy is Yah*”. Dit is net soos wat jy in Hebreeus “ons Elohiem” sal sê, waar jy in plaas daarvan om die voornaamwoord “ons” saam met die naamwoord “Elohiem” te gebruik, bloot sal sê “Elohenu”, wat ons Elohiem beteken. Dus om Yahu aan die einde van 'n naam te hê bewys niks nie en sal beslis ook nie 'n *Yahuah* uitspraak regverdig nie, veral aangesien nie alle name die einde het nie, soos *Nehemyah*, wat bloot die korrekte verkorte naam van Yah aan die einde het.

Nou dat die Yah gedeelte 'n 100% bevestig is gaan ons terug na die tweede eeuse geskiedkundige Origen en sien ons duidelik dat hy die tweede lettergreep as “**weh**” uitgespreek het. Weereens bewys dit dogmaties, vanuit geskiedenis, dat Yahweh die uitspraak was wat in die eerste en tweede eeu deur beide Jode en Christene gebruik is. Vroeë Christen skrywers, soos *Clement van Alexandria* in die tweede eeu, het 'n woord vorm soos *Yahweh* gebruik en hierdie uitspraak van die Tetragrammaton is eintlik nooit verloor nie.

*Theodoret van Cyprus* (5de Eeu nC.) het gesê dat die Samaritane van sy tyd die gewyde naam duidelik as *Yahweh* uitgespreek het. Ek glo dat vanuit geskiedkundige en argeologiese bewyse die naaste korrekte uitspraak van die heilige naam van **YHWH**

foneties as **YAHWEH** uitgespreek word.

In 1898 het A.H. Sayce drie eenvormige tablette, wat na die tyd van Hamurrabi terug gedateer kan word, getransliterer wat duidelik gesê het "**Yahweh is Elohiem**"(sien *Haley's Bible Handbook* bl62).

Die Lakish briewe, wat in 1938 gevind is en na die 6de eeu BCE. terug gedateer kan word, is die oudste Hebreeuse geskrifte wat volgens rekord met die gewyde Naam daarop gevind is, dit wys ook duidelik dat Sy gewyde Naam as **Yahweh** uitgespreek is. Wat verder ook baie interessant van die Lakish briewe is, is nie net die feit dat dit in antieke Paleo-Hebreeus geskryf is nie, maar ook dat hulle vokaal wysers het, iets wat baie seldsaam vir so 'n antieke dokument is, en dui die vokaal wysers ook duidelik die uitspraak van YHWH as **YAHWEH** aan.

Na dit het die Masorete, vanaf ongeveer die 6de tot die 10de eeu CE, daaraan gewerk om die oorspronklike teks van die Hebreeuse Bybel oor te dra en het hulle die vokale van die naam YHWH met die vokale van die Hebreeuse woorde Adonai of Elohiem vervang. So het die kunsmatige naam Jehova (YeHoWaH) (ons beklemtoning, red.) in gebruik gekom.

Alhoewel Christengeleerdes na die Renaissance en Hervormings periodes die term Jehova vir YHWH gebruik het, het skrifgeleerdes in die 19de en 20ste eeu weer die ware vorm van **YHWH** begin gebruik.

Josephus het ook gesê dat die uitspraak van **YHWH** foneties soos 4 vokale uitgespreek word; *EE AHH OOOH AAA*. (EE + AHH = Yah,) (OOH + AAA = weh.) So wanneer jy die 4 letters foneties saam uitspreek klink dit soos **Yahweh**.

Volgens die Rabbi's, wat die naam opsetlik verkeerd skryf sodat hulle dit nie per ongeluk hardop sal sê nie, mag hulle die naam slegs eenkeer 'n jaar, op die Dag van Versoening, sê en dit slegs deur die Hoë Priester in die Tempel. Later het die Rabbi's dit goedgekeur dat alle Jode die naam mag sê, maar weereens slegs op die Dag van Versoening en net met sonder aan die einde van die dag. Uit nuuskierigheid het ek op 'n keer na die Klaagmuur gegaan waar hulle die naam mag sê op die tyd wat die Dag van Versoening na sy einde begin staan

het en het ek duidelik die uitspraak van **YHWH** as **Yahweh** vir sowat 5 minute oor en oor gehoor.

Sommiges het verkeerdelik probeer om die naam van Yahweh met die valse god Jupiter te koppel omdat Jupiter ook IOUE genoem is, wat foneties as Yahweh uitgespreek kan word. Daar moet genoem word dat die antieke heidene 'n hele aantal gode aanbid het en dat hulle nie skaam was om enige nuwe konsep van 'n goddelike as 'n god vir hulself te aanvaar nie. Dit is een van die redes waarom die Romeine die Jode so swaar vervolg het, want dit was slegs die nasie van Israel wat die konsep van 'n enkel Elohiem gehad het. Hulle is as arm en swak gesien omdat hulle net een god aanbid het. Dit is hoekom die godin *Ishtar* ook *Semeramis*, *Diana*, *Athena* of *Aphrodite* genoem is. Nie een van die name klink foneties dieselfde nie en nie een van die name is transliterasies van die ander naam nie. Dit was bloot net 'n algemene praktyk vir heidense kulture om enige nuwe god te aanvaar en hom of haar op die naam van een van hulle ou gode te noem.

So, kon heidense kulture, wanneer hulle die mag van *Yahweh* gesien het, Sy naam gebruik het en Hom ook met die name van ander heidense gode aangeroop het? Logika en geskiedenis sê vir ons ja, hulle het. Verander dit die naam van **Yahweh**? Logika, geskiedenis en argeologie vertel vir ons uitdruklik **NEE!** Die rede waarom ons seker kan wees dat ons Skepper se naam foneties as Yahweh uitgespreek word is die feit dat Israel slegs een god gehad het en elke geloofwaardige geleerde asook historiese, Bybelse en argeologiese bewyse dui duidelik daarop dat die uitspraak van die naam van die enigste ware god, die Elohiem van Abraham, Isak en Jakob **YAHWEH** is.

Ek sal die artikel afsluit met die volgende verwysings wat dogmaties bewys dat die Skepper se naam Yahweh is. Aan die anderkant het ek tot op hede nog geen Bybelse, argeologiese of geskiedkundige bewys gevind wat 'n Jehova of Yahuah uitspraak regverdig nie.

#### **Webster's Collegiate Dictionary:**

Jehova — Valse weergawe van die Hebreeuse **YAHWEH**. ("Jehova," Webster's New Collegiate Dictionary, 1973 ed.)

#### **Encyclopedia Americana:**

**Jehova** — verkeerde vorm van die naam van die God van Israel. (*Encyclopedia Americana*, vol. 16. 1972 ed.)

#### **Encyclopedia Britannica:**

Die Masorete wat vanaf die 6de tot die 10de eeu gewerk het om die Hebreeuse Bybel te reproduseer het die vokale van die naam YHWH met die vokale van Adonai of Elohim vervang. Dit het die kunsmatige naam Jehova laat ontstaan. ("Yahweh," *The New Encyclopedia Britannica*, vol. 12, 1993 ed.)

#### **The Jewish Encyclopedia:**

Jehova — 'n verkeerde uitspraak van die Hebreeuse YaHWeH, die naam van God. Die uitspraak van Jehova is grammaties onmoontlik. ("Jehova," *The Jewish Encyclopedia*, vol. 7, 1904 ed.)

#### **The New Jewish Encyclopedia:**

Dit is duidelik dat die woord Jehova 'n kunsmatige samestelling is. ("Jehova," *The New Jewish Encyclopedia*, 1962 ed.)

#### **The Encyclopedia Judaica:**

Volgens die *Encyclopedia Judaica*, p. 680, vol. 7, is die ware uitspraak van die tetragrammaton, YHWH, nooit verlore nie. Die naam word as Yahweh uitgespreek. Dit is gereeld op die manier uitgespreek, ten minste tot 586 BCE. Soos duidelik gemaak word uit die Lakish briewe wat kort voor die datum geskryf is.

#### **Encyclopedia Judaica, pg. 680, The Macmillan Co., New York, 1971.**

Die ware uitspraak van die naam YHWH is nooit verlore nie. Verskeie Griekse skrywers van die Christelike Kerk getuig dat die naam as 'Yahweh' uitgespreek is.

**Jes 42:8 Ek is Yahweh, dit is my Naam; en my eer sal Ek aan geen ander gee, of ook my lof aan die gesnede beelde nie.**

**Sy naam is duidelik Yahweh, laat ons saam Sy Naam verheerlik, HalleluYAH!**

As jy graag meer inligting wil hê besoek gerus ons webtuiste by [www.coyhwh.com](http://www.coyhwh.com)